# Die 'godsbegrip van die Afrikaner' met verwysing na *Die kreef raak gewoond daaraan* van André P. Brink

Pieter Verster
Departement Sendingwetenskap
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

**Abstract**

**The Afrikaners' view of God with reference to *Die kreef raak gewoond daaraan* by André P. Brink**

*Die kreef raak gewoond daaraan is an important novel, in which a variety of themes are under consideration. One of these themes is the Afrikaners' belief in God. Thomas, the main character, says that the Afrikaners' belief in God is the foundation of their entire way of thinking. They believe in a God of justice and retaliation and therefore find it easy to suppress people. It is, however clear that quite a few arguments against the premises of the main character and the implied author can be propounded.*

## 1. Inleiding

*Die kreef raak gewoond daaraan* (Brink, 1991) is 'n belangrike werk, enersyds op grond van die verskeidenheid van temas wat aangeraak word en andersyds op grond van die omvang en hantering van die verskillende temas. Verskillende kritici se beoordeling van die roman loop uiteen: Reinders (*Beeld*, 1992-02-18, p. 2) beskou die roman as simplisties en eensydig en John Gultig (*Natal Witness*, 1992-03-23, p. 7) beskryf die roman as "a flat, one dimensional and dead representation of reality". Daarteenoor beskryf Ia van Zyl die roman as meesterlik (*Republikein*, 1992-04-30, p. 5) en Ester (*Zuid-Afrika*, 1992:14) deel hierdie beskouing met die opskrif by sy beoordeling: "Brink op z'n best."

## 2. Verwysings na die godsbegrip van die Afrikaner in *Die kreef raak gewoond daaraan*

Ten spyte van en in die lig van die konflikterende beskouings oor die roman is daar tog bepaalde temas wat nadere ondersoek verg. Die tema van die godsbegrip van verskillende karakters en die Afrikaner soos beoordeel deur die hoofka-

rakter is van belang omdat dit 'n spesifieke verband lê tussen die hantering van revolusionêre omstandighede en die godsdiensbeskouing. In hierdie roman word verskeie invalshoeke gebruik om die godsbegrip van verskillende karakters en van die Afrikaner as sodanig van nader te belig.

Die roman handel oor Thomas Landman, 'n Afrikaner, se verset teen die destydse, sogenaamde apartheidsowerheid. Hy beplan saam met ander 'n bomaanval op die Staatspresident. Hierdie aanval misluk, maar mense sterf. Thomas en die vroulike karakter, Nina, wat ook betrokke was by die aanval, vlug. Vroeg in die roman sterf Nina. 'n Ander vroulike karakter, Lisa, wat in opstand is teen haar agtergrond as predikantsdogter, speel later 'n belangrike rol. Brigadier Kat Bester van die Veiligheidspolisie beplan die soektog na die oortreders. Ook Lisa sterf, maar Thomas word wonderbaarlik gered en beleef hoe daar tog verandering kom en hoe die land 'n nuwe toekoms tegemoet gaan.

Enkele voorbeelde ten opsigte van die hantering van die godsbegrip word vervolgens van nader bekyk:

Reeds vroeg in die roman neem die vroulike karakter, Nina, standpunt in teen bepaalde beskouinge soos geformuleer in die Bybel. Die Bybelfiguur Judas wek haar simpatie op (vgl. Brink, 1991:41).[1] Judas was immers die een wat op soek was na die politieke koninkryk (*Kreef*:42). Die koninkryk wat Jesus voorhou, is volgens Nina wêreldvreemd en dit het geen waarde vir hulle wat ly onder politieke verdrukking nie. Hierdie begrip van God waarin sagmoedigheid as deug beskou is, was wel vroeër deel van die verhaalfigure se lewe. Hulle lewe het egter intussen verander en hulle het nou 'n ander beskouing: hulle het afskeid geneem van die wêreld waarin God se beskikking aanvaar is – die hier en nou van revolusionêre omstandighede is van belang. Thomas, die hoofkarakter, tree met Nina in gesprek oor die aard van verraad. Hy verduidelik dat hulle daad reg is, omdat dit moreel geregverdig kan word. Nina stel dat Judas dieselfde mening toegedaan was.

Teenoor hierdie twee verhaalfigure staan die broer van Thomas, wat uit 'n heel ander hoek na die werklikheid kyk. Hy meen dat sy revolusionêre broer die verdiende loon van sy oortredinge sal ontvang (*Kreef*:121): hy sal inderdaad in die hel gewerp word. Die godsbegrip wat hier na vore tree, is een van orde, regspraak en veroordeling (*Kreef*:121).

Die belangrikste kommentaar kom egter van die hoofkarakter self wat die godsdiens en geloofsoortuiging van die Afrikaner beoordeel.

---

[1] Brink (1991) verwys na die roman *Die kreef raak gewoond daaraan* – voortaan afgekort as *Kreef*.

> Hierdie godsdiens is self die fondament van 'n hele staatsorde, 'n manier van dink. Dis waar die fascisme begin. As Adam en Eva kennis kry, word hulle uitgedrywe. God wil nie hê dat hulle self moet kan onderskei tussen goed en kwaad nie. Hy wil vir hulle besluit, hulle in die duister hou. En vroeër al toe die engele gerebelleer het, het Hy hulle kragdadig uit die hemel uitgesmyt. Deur strukturele geweld hou hy sy bestel in stand. Die Afrikaner het maar net sy voorbeeld gevolg. (*Kreef*:190.)

Sendelinge het volgens Thomas se beskouing die Nuwe Testament gebruik om mense te leer om onderdrukking gelate te aanvaar (*Kreef*:190).

Die godsbegrip van die Afrikaner, soos gesien deur die oë van Thomas, is dus vernietigend in die sin dat dit tot Fascisme lei en geen ruimte laat vir die vryheid van die mens voor God nie. Uit die aard van die saak moet erken word dat 'n bepaalde karakter se standpunt nie noodwendig dié van die implisiete outeur of van die werklike outeur is nie. Daar kom egter in 'n bepaalde roman tendense na vore wat 'n bepaalde standpunt rugsteun wat ten minste die standpunt van die implisiete outeur weergee. Hierdie tendens is duidelik waarneembaar in *Die kreef raak gewoond daaraan*.

In die roman word afskeid geneem van die metafisiese wêreldbegrip. Wanneer die wêreld van Dostojewski bespreek word, is dit ook 'n wêreld van God en engele en geeste. Ook is daar sprake van skuld en boete (*Kreef*:427). Die metafisiese wêreld het egter oorgegaan in 'n sosiale bestel. Lisa, die ander vroulike hoofkarakter, meen dat dit al is wat verder van belang is.

Lisa se predikant-pa word aangewend om die tema van die onbarmhartigheid van God verder te voer en te illustreer. Thomas en Lisa besoek Lisa se pa terwyl hulle op vlug is. In 'n gesprek met hom verwyt Lisa haar pa dat onreg, geweld en moord gepleeg word in die naam van die kerk en God waarvoor hy hom as predikant afsloof (*Kreef*:470). Die dominee egter glo aan die straf van God (*Kreef*: 448). Hy lees voor van die Allerhoogste wat waak oor die lewe (*Kreef*:448). Wanneer Thomas en Lisa intiem verkeer in die kamer, skuifel die predikant rond in die huis en verteenwoordig hy 'n hele bestel van reg en verkeerd, God en sonde, hemel en hel (*Kreef*:449). Hier kom die implisiete outeur aan die woord om die godsbegrip van die predikant te beoordeel. Die predikant aanvaar deemoedig God se beskikking, hy wag op dit wat God gee en leer, hy meen dat toeval nie by God bestaan nie (*Kreef*:467). Ook vrees hy die straf van God, omdat hy van mening is dat hy sy ongebore kind 'vermoor' het: hy het naamlik bestuur, die motor se band het gebars en sy vrou is dood. Hy verwyt homself dat hy aan God getwyfel het en onverskillig was toe die motor se band gebars het. Hy verwag egter steeds die oordeel van God (*Kreef*:468). Hy het God dus met vrees gedien op grond van die moontlikheid dat God tog wel bestaan. Wanneer sy dogter die Sondagaand by hom kom en sê dat hy genoeg gewerk het en dat die

Here seker tevrede is, wil hy antwoord dat die Here nooit tevrede is nie (*Kreef*:469).

Die predikant glo dat daar in die Bybel duidelik geëis word dat aan die keiser betaal moet word wat hom toekom (*Kreef*:470). Na 'n telefoongesprek met sy seun stuur hy sy dogter en haar vriend weg van sy huis af. Hy beskou sy eie optrede as deel van die beproewinge wat God oor hom bring.

Die tradisionele godsdiens word dus deur die implisiete outeur uitgebeeld aan die hand van die ervaringe van die predikant. Die ervaring van die predikant impliseer dat dit inderdaad vreugdeloos is om God te dien, want Hy is die onbarmhartige God. Die vader self tree onbarmhartig op deur sy kind weg te stuur. Brink se karakter worstel egter self met sy interpretasie van die godsbegrip; daarom moet gewaak word teen 'n eensydige beoordeling.

Om die onderliggende gedagtegang in die roman enigsins verder te ontleed is dit belangrik om enkele sake te benadruk. Daar is nie 'n eenduidige godsbegrip af te lei uit die verskillende stemme wat na vore kom in die roman nie. In die geheel kom daar egter tog 'n bepaalde tendens na vore wat aandag verdien.

- Daar is verset teen die God van die Bybel – vergelyk Thomas se standpunt dat God strukture in stand hou deur gebruik te maak van strukturele geweld.
- Hierdie God is die God van onreg – die God wat sy eie bestel hoër ag as die heil van mense en mense gevolglik verdruk op ontstellende wyse.
- Hierdie godsbegrip maak dit vir mense moontlik om strukturele geweld te regverdig en om op grond van die optrede van God ook so op te tree.

Die romangegewe bied implisiet kritiek op die godsbegrip van die Afrikaner. Hiervolgens het die Afrikaner van God self die onderdrukker gemaak. (Vergelyk in dié verband die rol van die predikant en die beskrywing deur die implisiete outeur.) Ook kom die volgende aspekte in die roman na vore:

- Die Afrikaner (van 'n gereformeerde kerkgroep?) beleef godsdiens as neerdrukkend.
- Die Afrikaner volg die model na wat hy uit die Bybel aflei en dit is die model van absolute gesag wat gehandhaaf moet word.

Hiermee word nie gesê dat hierdie godsbegrip van die Afrikaner, soos uitgebeeld deur die roman, eenduidig op alle Afrikaners van toepassing gemaak word nie. Deur middel van die implisiete outeur word egter ernstige vraagtekens agter die godsbegrip van bepaalde Afrikaners geplaas soos hulle in die roman beoordeel word. Die vraag is in hoeverre die godsbegrip uitgewerk word om juis terreur te regverdig (*Kreef*:475, 551)? Die dood van die twee vroulike karakters word as 'n noodwendigheid verdra ter wille van die grotere boodskap van die regverdiging van revolusionêre optrede en moontlik ook die regverdiging van terreur in breëre

verband. Die tema van die onbarmhartige God as deel van die Afrikaner se beskouing oor God laat (binne die roman) ruimte vir die regverdiging van revolusionêre optrede. Hierdie sienswyse op sigself is natuurlik nie eties bedenklik nie, maar roep om diepere besinning.

Die politieke ryk word deur die hoofkarakter en sy twee vroulike medekarakters op revolusionêre wyse gesoek. Die roman eindig waar die politieke heil tog deurbreek. Die hoofkarakter word wonderbaarlik gered en hy self beleef die politieke vernuwing wat kom. 'n Nuwe politieke bestel word in die vooruitsig gestel en die verset teen die ou bestel was dus nie tevergeefs nie.

Die vraag ontstaan dus by die leser van die roman of dit 'n geregverdigde konklusie is – 'n konklusie waarmee die kerk wat deel was van die bestaande bestel rekening moet hou? Die vraag is immers of God as sodanig nie onregverdig is nie en die Bybel nie inderdaad 'n onregverdige God voorstel wat ook in die roman ontbloot word nie? Verder is die vraag of daar by die Afrikaners wat hulle wel op die Bybel beroep nie dalk werklik 'n godsbegrip bestaan wat uitermate bedenklik is nie?

## 3 Die godsbegrip van die Afrikaner

### 3.1 Die begrip

Ten eerste moet duidelik aangetoon word daar slegs in afgeleide sin sprake is van die 'godsbegrip van die Afrikaner' aangesien daar selfs onder geloofsgenote van een kerk verskillende beskouinge aangaande God bestaan. In die benadering van die onderwerp sal daar tog na bepaalde tendense verwys moet word om te bepaal of die saak, wat deur die roman ter tafel gelê word, meriete het en sal die implikasies daarvan vir die godsbegrip van die Afrikaner oorweeg moet word.

### 3.2 Tendense ten opsigte van die godsbegrip van die Afrikaner

'n Bepaalde en tersaaklike tendens word deur die roman aan die orde gestel: die godsbegrip van 'n bepaalde Afrikaner (soos deur die roman self aangetoon) is gevorm deur sy beskouing aangaande die voorsienigheid van God. Daar kan egter ook aangetoon word dat die beskouing oor die voorsienigheid van God van groot belang is binne die denke van die Afrikaner. In dié verband is daar noue kontak gelê tussen die volk en die kerk, en is God se voorsienigheid dikwels ook as bewaring van die volk geïnterpreteer. In die verlede het ook die Afrikaner-Broederbond 'n invloed uitgeoefen op dié beskouing, sodat dié godsbegrip bepaal is deur verskeie motiewe van volksafsondering en volkseiendomlikheid (Strauss, 1990:369). In aansluiting hiermee is daar ook dokumente wat dié beskouing oor die voorsienigheid van God bevestig. Die dokument *Ras, volk en nasie* (1974) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het hierdie sienswyse inderdaad pro-

beer bevestig. Motiewe ten opsigte van die handhawing van afsonderlikheid, beginsels waarvolgens dit uitgewerk word en die metode om dit te bevestig, loop in die werk ineen, met die gevolg dat daar nie skerp onderskei word wat die Skrif leer nie (Strauss, 1991:442). Ook Jonker (1989a:153) dui aan dat die sogenaamde "volkstümliche Bindungen" vir die verstaan van die volk as Christelike gemeenskap van deurslaggewende belang was. Jonker meen dat die Afrikaner en die Nederduitse Gereformeerde kerk wel beïnvloed is deur die beskouing dat die volk en kerk nou met mekaar geskakel moet word. Kinghorn (1985:9) dui aan dat ervaring vir die Afrikaner in die Nederduitse Gereformeerde Kerk beslissend was vir die verstaan van God: "Die kollektiewe ervaring verskyn nou as gefundeer in 'n *universele* ervaring wat op die universele skeppingswil van God berus". Daar is volgens Kinghorn (1984:7) duidelike tendense om die begrip *nasie* te oorspan. Verder dui hy aan dat 'n totaal nuwe hantering van die godsbegrip nodig is om die las wat apartheid daarop gelê het weg te neem (Kinghorn, 1990:21-36). Meiring (1975:59) meen dat nasionalisme en patriotisme dominant is in die Afrikaanse kerke. Die oortuiging van voorsienigheid in die lewe van die volk hang saam met die oortuiging dat God regeer en dat sy gesag afgewentel word op ander gesagsdraers (Van der Walt, 1989:3). Hierdie siening sou nie 'n korrekte beskouing wees nie, maar is tog bepalend vir die oortuigings en beskouings van die Afrikaner. Nicol (1990:51) meen in dié verband dat die verhouding tussen heil en voorsienigheid belangrik is. Hierdie aspek is egter soms deur bepaalde Afrikaners misgekyk in hul interpretasie van die voorsienigheid van God.

Die hele apartheidsera word hiervolgens gekenmerk deur die oortuiging dat God alles beskik. Die teologiese tradisie waarop gebou word, is onseker, want alhoewel Kuyper bygehaal word, is dit duidelik dat hierdie teologiese beskouinge nie by hom geld nie (Smit, 1989:46).

Ten opsigte van bogenoemde aspek moet veral met Kinghorn in gesprek getree word. Was hierdie oortuigings wel beslissend in die godsbegrip van die (bepaalde) Afrikaner? Dit kan moeilik ontken word dat die oortuiging van die beskikking en voorsienigheid van God wel beslissend meegespeel het. Kinghorn (1986:193) se ontleding van apartheid en die Afrikaner se gebondenheid daaraan verdien ook aandag. Volgens dié standpunt het die Afrikaner deur sy gereformeerde kerke 'n bepaalde godsbegrip gekonstrueer, waarin dit duidelik moes wees dat God apartheid bevestig (Kinghorn, 1986:176-177). Hierdie godsbegrip is dan ontwikkel om bepaalde voorkeure te bevestig.

Kinghorn toon aan dat besluite van vergaderinge en standpunte wat ingeneem is, duidelik gegrond is op die gedagte dat God afsonderlikheid handhaaf en dat Hy die God van afsonderlikheid is (Kinghorn, 1986:175). Hiermee is dan gepoog om God so voor te stel asof Hy die afsonderlikheid in sy voorsienigheid vasgelê het (Kinghorn, 1986:187). Dit kan nie ontken word nie dat dié gedagte tog geleef het

in die kerklike vergaderings wat oor apartheid besin het en dat dit ook die uitgangspunt onder bepaalde omstandighede was.

Daar is wel die oortuiging dat God self die volk se roeping en taak bepaal: "'n Groot groep Afrikaners aanvaar 'n Christelike taak vir die Afrikaner in Suid-Afrika. Hulle aanvaar dat die Afrikaner met 'n doel deur God hier geplaas is" (Fensham, 1984:15). Sou dit die noodwendige oortuiging wees vanuit die Calvinisme? (vgl. Van Niekerk, 1990:220). Ook Jonker (1989a:157) skryf in dié verband:

> Ons Calvinistiese agtergrond is daarby vir ons 'n groot hulp, want die Calvinisme wil uiteindelik niks anders nie as dat elke duimbreedte van hierdie werklikheid onder die koningsheerskappy van Christus gestel moet word.

Vanuit dié oortuiging kan geen volksmeerderwaardigheid afgelei word nie. Die Calvinisme laat immers geen volksmeerderwaardigheid toe nie (Buys, 1987:8). Dit wil dus voorkom of daar wel apologeties aangetoon kan word dat 'n gereformeerde beskouing aangaande God, soos dit voorgekom het by bepaalde Afrikaners, nie sonder meer 'n beskouing van 'n onderdrukkende God wat oordeel oor mense en wat net sy gunsgenote aanvaar, veronderstel nie. Alhoewel die begeerte tot 'n eie land en selfregering deur teologiese paradigmas ondersteun is en deur die Afrikaner vanuit die paradigmas beklemtoon is, kan daaruit nie afgelei word dat die Afrikaner 'n godsbegrip gevorm het van 'n eksklusiewe God wat onderdruk nie (Robbertze, 1991:833).

Ook Deist (1990:124 e.v.) gaan diepgaande op die saak in en formuleer bepaalde gevolgtrekkings. Hy is van mening dat die Afrikaner se burgerlike godsdiens sekere sake na vore gebring het (Deist, 1990:130). Die natuurlike orde van dinge soos dit sigself aanbied vir die naïewe ervaring het die basis gevorm vir teologiese refleksie (Deist, 1990:130). Dit was moontlik vanuit dié beskouing dat die algemene openbaring ook beslissend vir die teologiese denke is. Verder is gemeen dat die natuurlike orde van dinge beoordeel kan word en waargeneem kan word deur die sintuie en dat 'n duidelike beeld van God se wil daaruit gevorm kan word (Deist, 1990:131). Die Skrif, God se besondere openbaring, bevat verder onfeilbare inligting oor die oorsprong van die orde en doel van die natuurlike orde, verlig die insig in die natuurlike orde en maak dit waarneembaar, maar kan nie die algemene openbaring weerspreek nie (Deist, 1990:131). Die Skrif kan objektief verstaan word deur middel van die eksegetiese ondersoek, waarin onder andere gesoek word na die duidelike en letterlike betekenis van die geïnspireerde Woord van God. 'Afrikaner-Calvinisme', waarin die objektiewe waarheid bevestig is, het gedien as die grond van die Afrikaner se oortuiging (Deist, 1990:131). Die Bybel moet dus gelees word soos hy homself aanbied. Die bevestiging dat die algemene openbaring ook 'n duidelike boodskap dra, is algemeen voorgehou (Deist, 1990:131). In dié verband is 'n sirkelredenasie voltooi:

> We have now come full circle: an objective analysis of God's general revelation in the people's natural life, customs, beliefs and views leads us to a theory on God's will for society. The truth of this theory must be tested against scriptural teaching. But the truth about scriptural teaching is in the end measured by the history of the people, so that 'the people' becomes the ultimate judge on the correct exposition of God's revealed will in the Bible. (Deist, 1990:131.)

Deist is van mening dat vrees, die gevoel van onsekerheid, rassevoorkeur en ander sake eerder as die suiwer Woord, die burgerlike godsdiens bepaal het (Deist, 1990:135). Die vraag wat Deist dan aan die orde stel, is die vraag of geloof en religieuse oortuiging ooit vry kan wees van besoedeling deur die eie agtergrond en eie insig. Daarom kan dit wat tans as duidelike openbaring van God se woord voorgedra word ook in die toekoms sterk bevraagteken word (Deist, 1990:136). Deist kom tot 'n bepaalde gevolgtrekking:

> Perhaps the horrible wrongs committed in the faith that Afrikaner civil religion was in perfect harmony with the will of God may serve as a warning against an all too easy identification of our religious beliefs and social actions with the will of God. (Deist, 1990:136.)

Dit moet duidelik wees dat daar deur bepaalde Afrikaners wel vanuit die oortuiging, soos geformuleer in sy burgerlike godsdiens, meerderwaardig opgetree is en dat ook rassevoorkeur verkies is. Hierdie oortuiging het ongetwyfeld gelei tot groot onderdrukking en baie ellende. Dit bly egter 'n vraag of die Calvinistiese en die gereformeerde interpretasie van die Skrif, soos ook deur baie Afrikaners voorgestaan, daarvan beskuldig moet word. Was daar nie ook 'n eerlike soeke na God se Woord en sy wil vir 'n bepaalde situasie nie? Kan daar nie aangetoon word dat 'n bepaalde godsbegrip tog voorkom wat gegrond is op die Skrif wat God as goed beskou nie?

Dit is moontlik om die dokumente waarop bepaalde mense hulle godsdiens en godsbegrip fundeer te ontleed om te bepaal of strukturele geweld daarin bevestig word. In die Nederlandse Geloofsbelydenis word soos volg bely:

> Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.

Veral die begrip dat God die alleroorvloedigste fontein is van alles wat goed is, verdien aandag. Hierdie siening klop nie met 'n onbarmhartige beeld van God nie. Dit beteken egter nie dat die godsbegrip van die Afrikaner gegrond is op die NGB nie, maar moontlik wel op 'n bepaalde verstaan van God soos Hy sou optree. Strukturele geweld kan egter nie daarmee regverdig word nie. Die feit dat in Brink se roman verwys word na Adam en Eva en die wyse waarop God

sou optree deur hulle te veroordeel, dui op 'n bepaalde insig van die hoofkarakter wat nie bevestig word deur teologies interpretasie van die tersaaklike Skrifgedeelte nie (vgl. Vriezen, 1977:56, 182-190).

Dat strukture in stand gehou word in die oortuiging dat God daaroor waak, is wel 'n gereformeerde standpunt (vgl. Floor, 1974:20). Die wet is immers betekenisvol vir die hele lewe (Jonker, 1989b:297-298; Douma, 1984:64 e.v.). Deur middel van die antitese word die onderskeid tussen Christen en heiden bevestig in die strukture wat God daarstel (Velema, 1979:17-24). Dit beteken egter nie dat die strukture gewelddadig mag wees nie en al sou dit die godsbegrip van bepaalde Afrikaners wees, sou dit nie die bepaalde gereformeerde standpunte weerspieël nie. Dit is van die allergrootste belang dat God heil wil voortbring vir die mens op aarde en dat sy beloftes aan alle mense gemaak word. Hiervolgens is Hy geen wrede tiran wat sy ryk ten alle koste in stand moet hou nie. Die vraag kan egter wel gestel word of die godsbegrip van die gereformeerde Afrikaner nie wel so 'n God voorhou nie – 'n siening van God wat dui op onbarmhartigheid en wrede vervolgsug; 'n God wat mense uitverkies en ander verdoem. Het apartheid en die regverdiging daarvan geslaag daarin om 'n godsbeeld voor te hou waarin God inderdaad onbarmhartig en diktatoriaal voorgehou word?

Die vraag na die betekenis en waarde van die uitverkiesing word hiermee aan die orde gestel. Jonker (1988:13, 14) hanteer die saak volledig en skryf in die verband dat die uitverkiesing in die Bybel steeds beskou word as iets waaroor gejuig word en waarvoor God gedank en ook geëer moet word. Die uitverkiesing is geensins te verstaan as willekeurige beslissinge van God, waarin die mens uitgeskakel word en ook op willekeurige wyse uitgelewer word aan die voorkeure van God nie. Buys skryf in die verband (1987:8):

> Faith in our unconditional election will always humble us and prevent us from thinking that our racial background in any way makes us more acceptable to God.

Die vraag is egter of die oortuiging nie deur bepaalde Afrikaners as die bevestiging van sy roeping en meerderwaardigheid beskou word nie en ook as bevestiging van die feit dat God sy bestel ten alle koste in stand hou. Indien geoordeel word vanuit die praktiese omstandighede, is dit duidelik dat daar wel sodanige aanduidings bestaan. Dit is egter ook moontlik om aan te dui dat, vanuit 'n bepaalde gereformeerde beskouing van die Bybel, oor God gepraat kan word in terme van sy barmhartigheid. God is juis die barmhartige in sy seun Jesus Christus. Hy wil geken word as die God van genade en liefde (Joh. 3:16; 1 Joh. 4:7-12; 2 Kor. 5:11-21; Kol. 1:15-20). Mense kan Hom egter verkeerd ken en selfs 'n verkeerde begrip oor Hom vorm.

## 3.3 God se optrede in die wêreld

Vervolgens word die beskuldiging van die hoofkarakter in die roman dat die Bybel self 'n God veronderstel wat onderdruk en oordeel en strukturele geweld in orde hou, bespreek. Daar bestaan min twyfel dat God wel in die Ou Testament beskryf word as heilig, regverdig en een wat die kwaad nie verdra nie. Belangrik is ook die *talion*-begrip wat voorkom: daarvolgens word dit baie duidelik dat God eis wat Hy as reg beskou en daarom ook 'n tand vir 'n tand en lewe vir lewe opeis. Vanuit hierdie begrip kan dit duidelik wees dat God wel deur middel van die strukture wat Hy daarstel sy ryk in stand hou en opeis wat syne is. Hierdie begrip moet teen die agtergrond van die Ou-Testamentiese wêreld oorweeg word. Eckart Otto (1990:510-512) het breedvoerig aandag gegee aan die probleem. Volgens sy oortuiging sluit die regsorde waarin God optree ten nouste aan by die regsorde van die Oud-Nabye Ooste (Otto, 1991:159). God se handelinge in die Ou Testament moet teen dié agtergrond beskou word (Otto, 1988:79) omdat 'n brug vanuit die Ou-Testamentiese wêreld na die primitiewe samelewing geslaan kan word. Juis daarom is daar, volgens die Oud-Nabye Oosterse reg, duidelike tekens van oordeel in die Ou Testament (Otto, 1976:52). Sou die gevaar om 'n godsbegrip reglynig uit die Ou Testament af te lei daartoe lei dat God as onbarmhartig beskou word? Sou die hele kulturele wêreld waarin God optree volgens die *talion*-begrip eers verreken moet word? Tree God dan so op binne die ruimte van die oud-Hebreeuse bestaan waar 'n totaal ander beskouing teenoor geweld geld? Verskillende moontlikhede bestaan wanneer die probleem van geweld van nader beskou word. God is die een wat sy eie orde stel en die reg het om te eis dat die orde in stand gehou word. Helberg (1989:10) meen dat die Ou Testament eintlik die mislukking van die mens en van die verbondsvolk as tema het. Juis daarom is God egter steeds die genadige; Hy begin 'n nuwe verbond met die mens.

Daar is Ou-Testamentici wat meen dat geweld inderdaad afgewys word – ook in die Ou-Testamentiese wêreld – en dat die *talion*-begrip nie op God van toepassing gemaak kan word nie. In dié verband word dan verwys na die optrede van God as regverdige en die een wat heil en verlossing meebring. Hy bring heil en verlossing, en geweld word deur Hom veroordeel (Snyman, 1992:6-8, 12). Dit mag dus wees dat die gepostuleerde godsbegrip in Brink se roman juis wil aantoon dat Afrikaners op dié wyse 'n godsbegrip kon vorm – 'n godsbegrip wat berus op oortuiginge wat op 'n bepaalde wyse uit die Ou Testament afgelei word. Op apologetiese wyse kan die beskuldiging teen die God van die Bybel, soos deur die hoofkarakter belig, teëgespreek word in die lig van die barmhartigheid van God wat duidelik in die Ou Testament voorkom.

## 4. Slot

Die godsbegrip van die Afrikaner kan moeilik empiries ontleed en vasgestel word. Tog kan aangetoon word dat bepaalde elemente teenwoordig was in die burgerlike godsdiens van die Afrikaner (Deist, 1990:136). Brink se hoofkarakter is dus moontlik eensydig in sy oordeel, maar die oordeel open die deur vir verdere debat. Ook die implisiete outeur se oordeel is moontlik eensydig, maar skets inmiddels ook 'n werklikheid wat wel bestaan en waaraan aandag gegee moet word. Dit neem nie weg dat die kritiek, soos in die roman geïmpliseer, ook 'n beslissende rol speel in die regverdiging van revolusionêre optrede en terreur nie. Terreur is nie geweld teen 'n owerheid nie, maar ondiskriminerende doodmaak om politieke mag te bekom (vgl. Thielicke, 1965:237 e.v.; Heyns, 1989:191 e.v.). Dit is moontlik dat die implisiete outeur tog die leser wil oortuig dat onder bepaalde onderdrukkende omstandighede, waarin 'n bepaalde bestel selfs misbruik van hulle verhouding tot God maak, terreur geregverdig is. Geweld en die regverdiging daarvan is eties gesproke uiters gekompliseerd. Daar bestaan geen maklike oplossing vir die probleem om geweld te regverdig nie, maar juis daarom is 'n vereenvoudiging van die probleem op sigself problematies. Ook die roman ontkom nie aan die gevaar nie.

Die ondersoek na die godsbegrip in Brink se roman toon duidelike tendense wat inderdaad dui op die gevaar om jou op God te beroep vir die strukturele geweld wat jy pleeg. Die gevaar bestaan egter ook dat die godsbegrip van 'n bepaalde groep gebruik word om terreur teen die mense wat in God sou glo te regverdig.

## Bibliografie


BRINK, A P. 1991. Die kreef raak gewoond daaraan. Kaapstad: Human en Rousseau.

BUYS, P J. 1987. Calvinism Does not Teach Apartheid. Potchefstroom: PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestuk no. 122, Mei.)

DEIST, F E. 1990. Notes on the Context and Hermeneutics of Afrikaner Civil Religion. *Missionalia*, 18(1):124-139, April.

DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS. (*In*: Glo en Bely. 1989. Leerboek vir katkisante. Bloemfontein: N G Kerk-Jeugboekhandel. p. 230.)

DOUMA, J. 1984. Verantwoord handelen. Ethische bezinning. Kampen : Van den Berg.

FENSHAM, F C. 1984. Die Christen-Afrikaner in beweging in die twintigste eeu. Potchefstroom: PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestuk no. 202, Oktober.)

FLOOR, L. 1974. Reformasie versus revolusie: 'n prinsipiele oriëntering. (*In* Smit, E J. e.a. Reformasie en revolusie. Potchefstroom: PU vir CHO. p. 11-22.)

HELBERG, J L. 1989. Hoe benader en hanteer die Christenprediker die Ou Testament? *In die Skriflig*, 23(89):5-19, Maart.

HEYNS, J A. 1989. Teologiese etiek. Deel 2/2. Sosiale Etiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

JONKER, W D. 1988. Uit vrye guns alleen – oor uitverkiesing en verbond. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

JONKER, W.D. 1989a. Suid-Afrika se verbondenheid met Europa: Die teologie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 29(2):146-157, Junie.

JONKER, W.D. 1989b. Die eie aard van die gereformeerde spiritualiteit. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 30(3):288-299, Julie.

KINGHORN, J. 1984. Theology of Exploitation? *Journal of Theology for Southern Africa*, 84:4-13, Des.

KINGHORN, J. 1985. Apartheidsteologie binne die NGK: enkele teologiehistoriese opmerkings. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 25(1):1-13, Maart.

KINGHORN, J. 1986. 'n Evaluasie van apartheidsteologie. (*In* Kinghorn, J. *red.* Die N G Kerk en apartheid. Johannesburg : Macmillan. p. 167-193.)

KINGHORN, J. 1990. On the Theology of Church and Society in the DRC. *Journal of Theology for Southern Africa*, 70:21-36, March.

MEIRING, P.G.J. 1975. Nationalism in the Dutch Reformed Churches. (*In* Sundermeier, T. Church and Nationalism in South Africa. Kaapstad : Ravan. p. 56-66.)

NICOL, W. 1990. God in stryd teen apartheid: 'n Teologiese gesprek met Albert Nolan oor sy "God in South Africa". *Scriptura*, 33:44-54, Mei.

OTTO, E. 1976. Erwägungen zum überlieferungsgeschictlichen Ursprung und "Sitz im Leben" des jawistischen Plagenzyklus. *Vetus Testamentum*, 26:3-27, Januarie.

OTTO, E. 1988. "Wir wollen den Wald und Fürchten dennoch seine Geister" Beobachtungen zur Rezeption des Alten Testaments in Melanesien. *Zeitschrift für Mission*, 14(2): 70-82.

OTTO, E. 1990. Wandel der Rechtsbegründungen in der Gesellschaftsgeschichte des antiken Israel: Eine Rechtsgeschichte des "Bundesbuches" Ex 20:22-23:13. Resensie deur Dozeman, Thomas, *Journal of Biblical Literature*, 109:510-512.

OTTO, E. 1991. Die Bedeutung der altorientarischen Rechtsgeschichte für das Verständnis des Alten Testaments. *Zeitschrift fur Theologie und Kirche*, 88(2):139-168.

Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif. 1974. Goedgekeur en aanvaar deur die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Oktober. Kaapstad : N.G. Kerkuitgewers.

ROBBERTZE, H.C.G. 1991. Theological Paradigms and Conservative Afrikaners. *Hervormde Teologiese Studies*, 47(3):825-835, Sept.

SMIT, J.H. 1989. Abraham Kuyper en volksideologie onder die Afrikaners. *In die Skriflig*, 23(91):45-55, Sept.

SNYMAN, S.D. 1992. Geweld, die Ou Testament en 'n Nuwe Suid-Afrika. Bloemfontein : UOVS.

STRAUSS, P.J. 1990. Die Afrikaner-Broederbond se beweerde beïnvloeding van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sy optrede teen die Christelike Instituut. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 31(3):357-370.

STRAUSS, P.J. 1991. Beginsel of metode? Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en apartheid na Cottesloe. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 32(3):436-446.

THIELICKE, H. 1965. Theologische Ethik 11/1. Tubingen : Mohr.

VAN DER WALT, B.J. 1989. Owerheid en onderdaan in Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese Studie. Reeks F No. 257, Mei.)

VAN NIEKERK, A.S. 1990. Nog nadenke na aanleiding van 'nadenke van 'n Afrikaner' deur H.J.C. Pieterse. *Hervormde Teologiese Studies*, 46(1 & 2):207-221, Jun.

VELEMA, W.H. 1979. Midden in de maatschappij: Over ethiek en samenleving. Kampen : Kok.

VRIEZEN, Th. C. 1977. Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament. Wageningen : Veenman.